

# BEWAREAS IN INFORMELE WOONGEBIEDE

Weereens moet dieselfde stappe geneem word soos by bogenoemde bewareas, die voorbereiding en alles wat daarmee gepaardgaan.
As daar in ag geneem word dat baie van hierdie woongebiede ontstaan het as informele woongebiede en dat baie plakkers hulle in die woongebiede vestig, is daar reeds ‘n agterstand met betrekking tot omgewing se beplanning en die bestuur. Rommel bleik nie ‘n probleem te wees nie totdat -dit aan die inwoners uitgewys is deur middel van ‘n video of skyfies.
Waneer daar met ‘n “Township” oor ‘n bewarea gesels word moet die volgende stappe geneem word.

1. Vind uit of daar nie aireeds soortgelyke omgewings—projekte aan die gang is nie (‘n Vorm wat by die stadsklerk ingevul kan word is hierby aangeheg.), is die gemeenskap verdeeld of nie? en as al hierdie dinge nagegaan is kry ‘n kontak persoon.

2. Die kontakpersoon moet dan die volgende mense na ‘n vergadering nooi:

   * verteenwoordigers van alle politieke partye.
   * verteenwoordigers van die kerke in die dorp.
   * onderwysers
   * stadsraadslede
   * huisvroue
   * jeug
   * werkloses
   * munisipale werkers
   * jeugklubs
   * gesondheids klubs
   * klinieksusters
   * ander organisasies

Die lesing self moet eers die spesifieke township se omgewings probleme uitwys met behuip van kleurskyfies.

- Wys die rommel in die oopruimtes, die wanbestuur van die oop ruimtes as gevoig van onkunde.

- Skyfies van skoolterreine met rommel.

- Die wangebruik van water.
- swak beplande erwe.
- troeteldiere en vee.
- algemene voorbeeld van rommel op openbare plekke.
- rommel in water.
- •groentetuine. blomtuine
- benutting van rommel.

**Wys voorbeelde van ander bewareas wat werk.**

Laat die vergadering nou ‘n komitee kies wat bestaan uit ‘n voorsitter, sekretaris, en adisionele lede wat verteenwoordigend van die hele gemeenskap is. Daar moet op ‘n naam vir die bewarea besluit word, en verkieslik moet dit die naam van die dorp wees. Verskaf ook ‘n konsep—konstitusie sodat ‘n konstitusie deur die gemenskap opgestel kan word. Hier moet die departement se beampte ook behulpsaam wees. Daar moet onthou word dat dit ook deel van ‘n opvoedingsproses is, hierdie mense het nooit regtig sé in omgewingsverwante gevalle gehad nie.

## INLIGTING VAN INFORMELE GEBIED

TOWNSHIP……………………………………………………………

STADSKLERK…………………………………………………………

DATUM……………………………………………………………….

1. Watter projekte is alreeds aan die gang in die gebied?

………………………………………………………………………………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………..

2. Watter organisasies is betrokke by hierdie projekte?

………………………………………………………………………………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………………………………………….

3. Is daar vullis verwydering in die gebied? Indien ja deur wie word dit gedoen?

………………………………………………………………………………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………………………………………………………..

4. Is die vullis verwydering doeltreffend?

…………………………………………………………………………………………………………………………………………….

5. Sal die gemeenskap betrokke wilraak in omgewings projekte? (Bewareas ens.) JA/NEE

6. Ander inligting van waarde.

………………………………………………………………………………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………………………………………………………………